## 23.5 RAPPORT 5 – DEPUTATE GEREFORMEERDE PUBLIKASIES – WEBBLAD (Art 175)

## 23.5 REPORT 5 – DEPUTIES REFORMED PUBLICATIONS – WEBSITE (Art 175)

A. Dr GJ Meijer stel die Rapport.
Dr GJ Meijer tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report will be concluded during the Synod session.

C. **RAPPORT / REPORT**

| | |
|---|---|
| **1. Opdrag** | **1. Mandate** |
| 1.1 Die Sinode benoem weer Deputate om die webblad verder ontwikkel, sowel as om aandag te gee aan al die sake wat in proses van behandeling is (Acta 2015:432). | 1.1 The Synod again appoints Deputies to develop the website further, as well as to pay attention to all the matters that are in the process of being finalized (Acta 2015:432). |
| 1.2 Die Sinode gee opdrag dat die GKSA-webwerf en die CJBF-webwerf geïntegreer word in een enkele webwerf. En dat die inhoud van die CJBF-webblad steeds onder die toesig van die CJBF-deputate staan (Acta 2015:433). | 1.2 The Synod gives the assignment that the GKSA website and the CJBF website become integrated into one website. Further, that the content of the CJBF website remain under the care of the CJBF-deputies (Acta 2015:433). |
| **Besluit: Punte 1.1 en 1.2 kennis geneem.** | **Decision: Points 1.1 and 1.2 noted.** |
| **2. Sake waarvan die Sinode kennis neem** | **2. Matters that the Synod take note of** |
| 2.1 Hierdie Deputate het met 'n Kommissie van die Deputate van die Administratiewe Buro vergader oor die opdrag om die twee webwerwe te integreer. Die volgende knelpunte is geïdentifiseer: | 2.1 These Deputies held a meeting with the Deputies of the Administrative Bureau concerning the assignment to integrate the two websites. The following obstacles were identified: |
| 2.1.1 Die Administratiewe Buro het nie 'n webmeester aangestel nie. Daar is 'n Internetverskaffer aangestel om die ontwerp van die webwerf te doen, maar die personeel van die Administratiewe Buro moet die webwerf in stand hou. Enige bywerkings is dus 'n addisionele uitgawe. | 2.1.1 The Administrative Bureau has not appointed a webmaster. An internet provider was appointed to design the website, but the personnel of the Administrative bureau must maintain the website. Therefore, any additions will amount to extra expenses. |
| 2.1.2 Daar is duidelik onderskei tussen amptelike standpunte en nie-amptelike sake. Op die vergadering is die verdeling soos volg gedoen: | 2.1.2 Official and unofficial matters were identified. At the meeting the division was done as follows: |
| 2.1.2.1 Amptelike sake word gesien as die besluite wat op die onderskeie Sinodes gedoen is. Hieronder is die Belydenisse en Kerkorde van die GKSA. Aangesien dit sake is wat primêr deel is van die opdrag van Deputate Publikasies, is dit die verantwoordelikheid van hierdie Deputate. | 2.1.2.1 Official matters are seen as decision that were made on the various Synods. Under these are the Creeds and Church Order of the GKSA, as these are matters that are primarily part of the assignment of the Deputies Publications, they are the responsibility of these Deputies. |

| | |
|---|---|
| 2.1.2.2 Nie-amptelike sake word gesien as nie-standpunt sake (persoonlike menings). Hieronder is die kerklike tydskrifte, gemeente inligting, preke, ensovoorts. Verder hoort sake soos die Facebook-blad, gemeentenuus, poslyste, ensovoorts ook hier tuis. | 2.1.2.2 Unofficial matters are seen as personal opinions expressed. Under these we sorted the church magazines, congregation information, sermons et cetera. In addition, matters such as the Facebook page, congregation news, mailing lists etc. belong here. |
| 2.2 Die Deputate was van oordeel dat die instandhouding van die amptelike sake op ‘n webwerf groot verantwoordelikheid meebring en dat dit deur die Deputate self hanteer sal word. | 2.2 The Deputies were of the opinion that the maintenance of the official matters on a website requires immense responsibility and that it will be taken care of by the Deputies themselves. |
| 2.3 Die Deputate het dus ’n “kosmetiese” eenwording van die webblaaie bewerk. Die webblad www.cjbf.co.za lyk byna die soos die webblad www.gksa.co.za. Daar is egter besluit om dit ‘n eie domein te hou omdat die instandhouding op hierdie wyse makliker gedoen kan word asook omdat dit meer koste-effektief is. | 2.3 The Deputies therefore have endeavored in a ‘cosmetic’ integration of the websites. The website www.cjbf.co.za closely resembles that of the website www.gksa.co.za. It was decided to keep it as its own domain as the maintenance can be done more easily and it is more cost efficient. |
| 2.4 Die Deputate het ’n groot leemte geïdentifiseer ten opsigte van Uitreiklektuur vir gebruik in die kerke. Die materiaal wat vir hierdie doel versamel is, is in drie kategorieë op die webwerf geplaas: Hospitaal, Evangelisering asook Pastoraal / Huisbesoek. | 2.4 The Deputies also identified a huge void with regard to Outreach literature for use in churches. The material collected for this purpose, was posted on the website in three categories: Hospital, Evangelism as well as Pastoral/Home Visits. |
| **Besluit: Punte 2.1 tot 2.4 kennis geneem.** | **Decision: Points 2.1 to 2.4 noted.** |
| **3. Sake waaroor die Sinode besluit** | **3. Matters that the Synod decide on** |
| 3.1 Keur die optrede van die Deputate in Punt 2 goed. | 3.1 Approve the actions of the Deputies in point 2. |
| 3.2 Aan die te benoeme Deputate die opdrag gegee word om voort te gaan met die uitbou van die webwerf om inligting en lektuur tot beskikking van die kerke te stel. | 3.2 To the appointed Deputies the assignment is given to continue with the expansion of the website in order to make information and literature available to the churches. |
| 3.3 Die Sinode keur die Engelse teks van die Belydenisskrifte en Formuliere soos op die webwerf goed. | 3.3 The Synod approves the English text of the Creeds and forms as posted on the website. |
| **Besluit: Punte 3.1 tot 3.3 goedgekeur.** | **Decision: Points 3.1 to 3.3 approved.** |